CLF MONITOR
Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za
VOL: 12 SOMER 2011

Kom kuier saam vir Bybels

DIE opgewondenheid onder die kleinspan wat die pragtige geborgde Kinderbybels ontvang, is duidelik sigbaar op die foto hiernaas. En dit is moontlik gemaak deur elkeen van u wat die *Een miljoen Bybels vir een miljoen-kinders-projek* ondersteun.

Van regoor Suid-Afrika kry CLF terugvoering van mense wat die projek as 'wonderlik' en 'fantasties' beskryf en graag wil betrokke raak - nie net vir hulself nie maar ook vir instansies in hul onderskeie gemeenskappe. (Sien ook *Uit ons Possak*.)

Met die druk van hierdie nuusbrief is daar reeds sowat 18 000 Kinderbybels danksy die ruimhartige ondersteuning van CLF se donateurs versprei.

Om te gee, maak jou hart warm en as jy kan gee op 'n ander manier is dit sommer nog lekkerder! Soos om 'n heerlike bederfoggend ten bate van die projek by te woon.

Op Saterdag 13 Augustus 2011 beplan CLF 'n Damesoggend vol bederf, fantastiese sprekers en 'n gaskunstenaar - alles ten bate van die *Een miljoen Bybels vir een miljoen kinders - projek.*

Vir die manne word daar 'n gholfdag beplan om midde in die sportmanskap-samesyn ook die projek te ondersteun en seker te maak nog 'n kind kry sy of haar eie Bybel. (Sien bl 3.)

ONS EIE BYBEL: Juf Antonette O'Ehley van Pikkieland laat weet dat hulle dadelik hulle Kinderbybelskenking in die 4-jariges se klassie aangewend het. "Dankie vir die pragtige geskenk!" En dit is moontlik gemaak deur CLF se lojale ondersteuners se bydraes.

Die Damesoggend vind plaas te Fraaigelegen, net buite Paarl en dit is ook 'n wonderlike geleentheid om donateurs wat nie te ver van hier af woon nie, te ontmoet.

Koop 'n kaartjie, kom deel die heerlike oggend met ons en ondersteun só die projek.

Pieter van Jaarsveld, motiveringspreker en kundige op die gebied van emosionele intelligensie is die hoofspreker. Kom leer hoe emosionele intelligensie jou daaglikse lewe en geluk beïnvloed. Jy word bekend gestel aan tegnieke wat gebruik kan word om o.a. negatiwiteit, woede, en minderwaardigheid te oorbrug. Pieter van Jaarsveld is die skrywer van die boek "*Die Hart van 'n Wenner*".

Yolandé Coutts van Be Inspired gaan dekorwenke met die dames deel.

Die gaskunstenaar vir die oggend is Burger le Roux, wenner van *Supersterre* 2010. Kom luister na hierdie jong opkomende ster wat soveel harte op dié realiteitsprogram gesteel het.

Kaartjies is beskikbaar teen R250pp by info@clf.co.za of skakel 021 873 0198.

Dit sluit al die vermaak, 'n heerlike noenmaal, geskenksak vol bederf vir elke vrou en hope gelukkige trekkings in. Daar gaan ook pragtige items en snuisterye te koop wees by die uitstallersaal. Bespreek jou plek vandag nog!

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

WIE IS HIERDIE DONATEURS?

CLF ontvang op 'n gereelde basis donasies wat nie geïdentifiseer kan word nie.

Gevolglik kan ons dus nie hierdie donateurs bedank nie. Elke bydrae maak 'n groot verskil en ons is opreg dankbaar daarvoor en daarom wil ons graag elke donateur persoonlik bedank.

Maak dus seker dat u volle naam en telefoonnommer as verwysing op die depositostrokie verskyn of gebruik u unieke verwysingsnommer op die strokie.

Indien moontlik, faks dit vir ons deur na 021 864 3678 of stuur dit per e-pos aan info@clf.co.za

ENGELS?

Indien u verkies om die nuusbrief eerder in Engels te ontvang, stuur asb al u besonderhede na info@clf.co.za.

Pamflette selfs op see gelees

IN Baberton het die mense behoorlik gewoeker sedert die CSO die Barberton NG Kerk verlede jaar besoek het om hul werk onder veral die seemanne bekend te stel.

Onder meer het hulle aangedui dat 'n manier om 'n bydrae te maak is om serpe en musse te brei vir die seemanne.

Wilma van Rensburg, wat ook betrokke is by 'n sendingaksie en van CLF se pamflette gebruik maak, het die idee gekry om ook 'n boodskap saam met elke pakkie te stuur.

"Voorheen het julle my ook gehelp met pamflette en ek het die voorstel gemaak dat ons julle nader daarvoor.

Baie gou na ek julle genader het, het ek CLF-pamflette ontvang en kon ons dit in die seemanspakkies sit wat ons aan ds Smith van Milnerton gestuur het. Groot was die vreugde toe hulle ons laat weet het dat hulle dit in goeie toestand ontvang het."

Sy laat weet dat hulle beoog om die projek aaneenlopend te maak en beplan om ook ander kerke in Baberton te betrek.

Wat hul sendingaksie betref werk hul tans aan 'n nuwe tema - Papiersendelinge - waar hulle beplan om gesinne in hul gemeente uit te daag om in die omgewing/of in hulle huishouding/of hulle werksplekke iemand te nader en Jesus aan hom/haar/hulle voor te stel.

"Die pamflette is 'n wonderlike, tasbare gereedskapstuk om hierdie gesprek mee af te rond."

KOM KUIER SAAM! Dr Pieter van Jaarsveld (heel links), skrywer van *Die hart van 'n wenner* is die gasspreker by CLF se Damesoggend op 13 Augustus 2011 en Burger le Roux, Supersterre 2010-wenner is die gaskunstenaar. Maak seker jy bespreek jou kaartjie vandag nog vir dié heerlike bederfoggend by info@clf.co.za of skakel 021 873 0198.

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

1 000 000 min 18 000 = 982 000 Bybels!

Baie dankie aan elkeen van ons getroue donateurs en ook nuwe donateurs en ondersteuners wat tot dusver CLF se Een miljoen Bybels vir een miljoen kinders-projek ondersteun het. Daar lê nog 'n lang pad voor om die oorblywende 982 000 Bybels by kinders uit te kry!

Ons is egter nie ontmoedig nie want ons weet God sal voorsien! Intussen is dit lekker om terugvoering soos dié hier onder en ook *Uit ons Possak* te ontvang.

MADELI VAN DER LAAN van Roberston skryf: "Ek is so opgewonde nadat ek vanoggend 3 Xhosa Bybels in Qubela uitgedeel het. Ek het egter nie besef daar is meer as een speelskooltjie daar nie, waarvan een Mamma Lucy se skooltjie is. Ek het dus net een Bybel per skool gegee, aangesien die kindertjies nog te klein is om self te lees. Maar hulle is so oulik. Die ander vyf het ek vir 'n Xhosa kerk gegee met die verstandhouding dat hulle self nog Bybels gaan aankoop. Nie een van hulle kon glo dat 'n Afrikaanse vrou vir hulle Bybels verniet gee nie. Dit was 'n wonderlike gevoel, ek wens ek kon vir elke huisgesin in Qubela 'n Bybel gee, dink net watse verskil ons sou kon maak.

Ek gaan ook vir die gestremde speelgroepie 'n Afrikaanse Bybel gee, die ACVV onderhou die skooltjie."

Madelie het ook die inligting aangestuur van 'n gesin wat uit Libië gevlug het met letterlik net die klere aan hul lyf. Die gesin se ouma woon in Robertson en het hulle nou 'n tyd lank daar deurgebring. Ouma het toe aan die kinders 'n Bybel gegee as deel van die Een miljoen-projek en kry toe die kosbare briefie hier langsaan. Volgens gerugte is die gesin klaar weer oppad om sendingwerk te gaan doen. Doen asb vir hulle voorbidding.

'n Sethou vir Bybels!

Alle gholfspelers in en om Kaapstad word hartlik uitgenooi na 'n gholfdag ten bate van die Een miljoen Bybels-projek. Die gholfdag vind plaas op 22 Julie 2011 by die Kuilsrivier Gholfklub en inskrywingsvorms is beskikbaar by info@clf.co.za of skakel Driekie Beukes by 021 873 0198.

Alle fondse wat geïn word sal aangewend word om nog Bybels te versprei. Beide *God se kinders, Verhale uit die Bybel* en *Kom stap saam* maak deel uit van hierdie projek en sal vir die onderskeie ouderdomsgroepe aangewend word.

Onthou om CLF se webwerf te besoek by www.clf.co.za. Word ook deel van ons Facebookblad. Soek One million Bibles for one million children en sluit aan!

Privaatsak X19 Wellington 7654 ☎021 873 6964 🖷 021 864 3678 info@clf.co.za www.clf.co.za

Kinderkrans beeld pamflet met opvoering uit

DIT bly vir ons hier by CLF wonderlik om van die inisiatiewe te hoor wat mense neem met die gebruik van die pamflette.

In Grabouw gebruik juf Lully Rorich 'n nuwe benadering tot die Stop Dink Doen-pamflet. Eiehandig het hulle 'n opvoering bymekaar gesit om hierdie pamflet uit te beeld.

Lees gerus hoe hulle dit doen: ONS IS IN GRAAD TWEE! *(spring wydsbeen - arms langs sye)*
(dan in lang ry agter mekaar)
Rooi - voor
Oranje - middel
Groen - agter
(Oranje spring uit ry - maak ry oor breedte van verhoog)
WAG! DAAR'S LELIKE GOED ELKE DAG!
(Rooi draf voor hulle in - wys met albei handjies - Stop)
STOP! VOOR JY VAL DAT JY HOP!
(plakkate kom verby)
5 kinders met rooi aan dra plakkate met die woorde leuens, steel, vloek ongehoorsaam, oneerlik
(Groen vleg tussen ander deur met plakkate met die woorde leuens, steel, vloek. Draf na kante en terug asof hulle motor bestuur)
RY! DIE SONDE-GOETERS IS VERBY!
(gaan staan weer in ry agter oranje)
Begin weer voor
(Oranje kom uit)
WAG! DAAR'S LELIKE GOED ELKE DAG! *(wys rond)*
(Rooi kom tussendeur uit en wys Stop met albei handjies)
STOP! VOOR JY VAL DAT JY HOP!
(plakkate kom weer verby)
Een sonder 'n hoed druk deur maar word deur die plakkaatdraers platgevee en lê dan uitgestrek op die verhoog. Twee ander kom neem hom weg. Groen draf in rye oor die verhoog - maak asof hulle motor bestuur en kom dan vorentoe.
RY! DIE SONDE GOETERS IS VERBY!
(Twee bring weer die gevalle een in. Almal klap hande.)
Almal saam:
JESUS IS SO LIEF VIR MY
DAAROOR IS EK BAIE BLY!!

Wat 'n wonderlike idee! Lully laat weet dat die kinders die opvoerings baie geniet en dat die pamflet deeglik vooraf met hulle behandel is. Haar volgende plan is om die pamflet E*k was skaam en bang* op te voer - en dit gaan kompleet

met die bed op die verhoog gedoen word. "Hierdie storie het ons al in 'n les baie goed behandel en die kinders het vir die eerste keer verstaan dat dit wat hulle keer om oor Jesus te praat onnodig is. Jesus gee nie om hoe eenvoudig ons vir ander van Hom vertel nie, solank ons dit doen. Soos ons vir ander kinders vertel van ons ouers, net so vertel ons vir ander kinders van Jesus en ons is nooit ooit skaam om oor Jesus te praat nie, want Hy is nie skaam om vir ons lief te wees en ons sonde te vergewe nie. Elke kindjie het hul pamflet huis toe gekry met die opdrag om dit met ten minste 4 maatjies te gaan deel.

Aan elke persoon wat hoe min of hoe baie ook al bydra om hierdie leesstof aan die kinders moontlik te maak, GROOT DANKIE!

Ons kinders het dit meestal nie breed nie en ons doen enigiets om hulle te bereik en sodoende ook die ouers. Vir baie maatjies is dit die enigste 'kontak' met Jesus se liefde wat hulle kry."

Uit ons Possak

Baie dankie vir die Bybels wat ons van julle ontvang het.
Dit is pragtig kleurvol en die kinders sal dit baie geniet.
Ons beplan om dit in die Biblioteekkas in elke klas te sit sodat die kinders dit kan uitneem en by die huis kan gaan lees.
Maasrust groete
M de Klerk
Prinsipaal

Ontvang asseblief hiermee ons hartlike dank en waardering vir die vier baie kleurvolle Bybelboekies wat ons vandag, deur julle toedoen, ontvang het. Ons sal dit beslis goed benut. Die skool is vir baie van ons leerders die enigste plek waar hulle die Woord hoor. Die boekies sal baie help. Seën op julle wonderlike werk.
Annerie van den Berg
Skoolhoof
Voorbereidingskool
Ruyterwacht

Namens die gemeente wil ek u hartlik bedank vir die pamflette. Sonder u hulp en ondersteuning sal ons taak soveel moeiliker wees. Weet dat dit opreg waardeer word.
NG Gemeente Velddrif

Baie dankie vir die pamflette wat ek gereeld van u kry. Dit is baie mooi en leersaam en ek gee dit ook vir ander om te lees en te gebruik. Alles doen ons biddend en glo dit word geseën. Sterkte met die groot werk. HMF

Ons stuur 'n klein bedraggie en ons seënbede vergesel dit. JAK

Baie dankie vir die wonderlike werk wat julle doen. Baie sterkte aan almal. Mag julle lank geseënde jare geniet. R